

## **DIE REDE VAN THABO MBEKI, DIE KANSELIER VAN UNISA, TER VIERING VAN UNISA SE 145E BESTAANSJAAR: UNISA PRETORIA/TSHWANE-KAMPUS, 4 JULIE 2018.**

Programleier, Dr Somadoda Fikeni,  
Agbare Minister, Naledi Pandor,  
Voorsitter van die UNISA-Raad, MnR Sakhi Simelane,  
Rektor en visekanselier, Prof Mandla Makhanya,  
Geagte voorsitter van die Nasionale SR,  
Voorsitter van die Konvokasie,  
UNISA-Raad, -bestuur, -personeel, -wersers en -studente,  
en almal hier teenwoordig:

Dit is vir my baie aangenaam om saam met kollegas wat reeds 'n spreekbeurt gehad het, UNISA met sy 145e bestaansjaar geluk te wens.

Enigeen wat in die geskiedenis van hoër onderwys in die land sedert die 1870's belangstel, behoort die ontwikkelingsgeskiedenis van UNISA te bestudeer.

Soos iemand reeds genoem het, het UNISA aanvanklik as die University of the Cape of Good Hope bekend gestaan. Dit was die enigste instelling in die land wat universiteitsgrade kon toeken.

Later sou dit 'n sogenaamde "federale universiteit" word. Dit het beteken dat onderrig gegee is by geaffilieerde kolleges van die University of the Cape of Good Hope. In 1918 het die University of the Cape of Good Hope die University of South Africa (UNISA) geword.

So 'n belangrike plek het hierdie Universiteit in die geskiedenis van hoër onderwys sedert 1873 ingeneem dat dit selfs matrieksertifikate toegeken het waarmee voornemende studente kon gaan studeer.

Die geskiedenis van UNISAwerp lig op onder meer die toelating van die meerderheid van ons land se mense tot hoër onderwys en op die Universiteit se standpunt in hierdie verband.

Maurice Boucher noem in sy boek *Spes in arduis: a history of the University of South Africa* dat een Simon Peter Sihlali in 1880 die heel eerste swart matrikulant was.

In 1883 het John Tengo Jabavu aan Lovedale gematrikuleer. Hy was die stigter en redakteur van die koerant *Imvo zabaNtsundu*. Volgens Boucher het die eerste swart meisies teen die einde van die 19e eeu gematrikuleer.

Die probleem was dat baie min swart mense destyds tot die kolleges toegelaat is. Weinig kon gevolglik die eksamen aflê en 'n graad van die University of the Cape of Good Hope verwerf. Gevolglik moes mense soos Charlotte Maxeke, John Dube, Pixley Seme en vele ander oorsee gaan studeer, veral in Amerika en Engeland.

In 1916 is die South African Native College gestig. Dit sou later die Fort Hare University College heet.

Aangesien die voormalige University of the Cape of Good Hope hom vir die bevordering van hoër onderwys beywer het, sou 'n mens verwag dat hy die totstandkoming van die Native College sou verwelkom.

UNISA het met sy ontstaan in 1918 uit ses kolleges bestaan. Die Native College was nie een van hulle nie.

Volgens Boucher was die rede dat "the race problem would certainly arise over the admission of its representatives on Senate and Council".

Die "probleem" is uiteindelik "opgelos" deurdat die Native College by Rhodes Universiteit geaffilieer is omdat daar, volgens die verslag, by Rhodes geen "hostility on racial grounds" bestaan het nie.

David Burchell laat hom soos volg uit in sy *Critique of the Curriculum at the University College of Fort Hare in its Pioneer Years*:

*The originator of the scheme for an African university college, E.B. Sargent, educational adviser to Lord Milner, envisaged the South African Native College...(as) providing a rather narrowly utilitarian education which would include industrial training as a compulsory component. His overall aim was to create a moderate African elite who would act as the junior partners of colonialism and who would largely fill subordinate positions in a class and race stratified society.*

As die Native College destyds as een van UNISA se geaffilieerde instellings toegelaat was, sou UNISA ongetwyfeld hier teen te veld getrek het.

Die huidige visie – *Towards the African University: shaping futures in the service of humanity* – dui op die goeie vordering wat UNISA gemaak het sedert die ontstaan van die University of the Cape of Good Hope en die tyd van die Federal University.

Elkeen wat vandag deel is van die UNISA-gemeenskap, het die plig om te sorg dat die Universiteit hierdie visie verwesenlik.

In Julie 1972 het die Association of African Universities 'n werkswinkel in Accra, Ghana gehou. Die tema was "Creating the African University: Emerging Issues in the 1970s".

Wyle professor Tijani M. Yesufu van Nigerië het in 'n boek wat 1973 verskyn het, as volg oor die uitkoms van hierdie werkswinkel geskryf:

*The African university must in the 1970s not only wear a different cloak, but must also be differently motivated. It must be made of a different and distinctive substance from the traditions of Western universities, and must evolve a different attitude and a different approach to its task. The truly African university must be one that draws its inspiration from its environment, not a transplanted tree, but growing from a seed that is planted and nurtured in the African soil.*

Daarom huldig ek u, die bestuur, personeel, studente en werkers van UNISA, wat hierdie toekomsvisie moet verwesenlik, UNISA moet omvorm en die toonbeeld van 'n ware Afrika-universiteit moet maak.

Die resultaat van u edele selfopoffering regverdig die kort boodskap wat ek vandag bring, naamlik my hartlike gelukwensing met die herdenking van UNISA se 145e bestaansjaar!

Ek dank u.